radikale standpunt oor Afrikanernasionalisme in 1902 'n parallel in die ver-regse reaksie oor 'n nuwe grondwet? Scholtz vra die vraag: "Het die Afrikaners hulle voortbestaan te danke aan diegene wat uit die staanspoor by Vereeniging wou oorgee?" Lê die Afrikaner se toekoms vandag in "buigsame" of "standvastige" nasionalisme is die vraag wat die leser voortdurend moet vra. Scholtz het hier 'n fundamentele problematiek in die bestaan van volke oopgevlek — wat is fundamenteel vir voortbestaan? Op aangrypende wyse word die teenpole gestel en herleef 1902 voor ons geestesoog. Wie is reg — is almal reg of niemand? Scholtz stel die alternatiewe, kap die eksemplare met emosie uit, maar los die finale oordeel in die hande van die leser.

Hierdie is 'n drama wat elke geskiedenisleerling moet lees en elke Geskiedenisonderwyser nie mag ignoreer as sy vak lewend moet bly en iets vir vandag moet sê.

*M H Trümpelmann*

*Scholtz, J 1982: Jopie Fourie. Pretoria: HAUM.*

'n Filmdrama wat nie minder as sewe televisietoekennings ontvang het nie. Die tragiese en omstrede Geskiedenis van hierdie Afrikaner-martelaar word meesterlik uit die verlede teruggepluk. Kennis van die gebeure om die teregstelling van Fourie verhoog die waarde van die drama.

In die geskiedenisklas moet hierdie boek gelees word. Die kind behoort hierdie episode emosioneel te beleef. Naas hierdie gevoelsmatige inleef in die verlede behoort die onderwyser die hele problematiek van verraad en patriotisme in 'n breër perspektief te plaas. Die kind moet leer om die gebeure ook rasioneel te beoordeel: dan vorm ons die kind histories-krities. As dit die onderwyser se uitgangspunt is, is Jopie Fourie 'n belangrike hulpmiddel om 'n gebalanseerde historiese oordeel te ontwikkel.

*M H Trümpelmann*

*Luli Callinicos: Gold and Workers 1886-1924. Ravan Press, Johannesburg, tweede druk 1982. 112 pp., bronnelys, illustrasies.*

Op skool val die klem hoofsaaklik nog op die bestudering van politieke geskiedenis, d.w.s. die geskiedenis van konings, staatsmanne, leiers, politieke gebeure en beleidsrigtings. 'n Vinnige kyk na enkele skoolhandboeke bevestig dit. As mens egter na ontwikkelinge op die terrein van geskiedskrywing en -navorsing kyk, merk mens ingrypende veranderinge. Ekonomiese en sosiale geskiedenis kry vandag al hoe meer aandag en die klem op hierdie aspekte van die geskiedenis het gelei tot 'n ingrypende hervertolking van ons geskiedenis. Veral die sg. radikale geskiedskrywers, skrywers wat die geskiedenis vanuit 'n neo-Marxistiese oogpunt interpreteer, is besonder bedrywig. In hulle werke val die klem swaar op klasseverskille, ekonomiese kragte in die geskiedenis, arbeid en arbeiders en kapitalistiese uitbuiting van die arbeiders.

Luli Callinicos se boek oor **Gold and Workers 1886-1924**, as deel 1 van "A People's History of South Africa", is baie sterk in dié trant geskryf. In die boek val die klem nie op die staatsmanne of groot mynmagnate nie, maar op die mynwerkers — hoofsaaklik die Swart mynwerkers, maar ook die Blankes en Chinese — hulle onderdanige posisie en hoe hulle (Swartes veral) deur samewerking tussen die staat en mynbase, uitgebuit word.

Die werk is in drie hoofafdelings verdeel. Deel I, bestaande uit 4 hoofstukke, handel oor die ontstaan van die goudmynbedryf; oor hoe die myne bedryf word, en die rol van die mynbase. In die tweede deel (8 hoofstukke) word die posisie van die mynwerker bespreek. Die skrywer kyk veral na hoe die myne in medewerking met die regering 'n voldoende aantal werkers gekry het en hoe die arbeiders deur die owerhede beheer is. Onderwerpe soos die belastingstelsel, grondbesit, trekarbeid, arbeidswerwing, die passtelsel, kampongs en gedwonge arbeid word hier behandel. Deel 3, bestaande uit 5 hoofstukke, handel oor die verset van die mynwerkers en oor rasseskeiding op die myne.

Deur die geskiedenis van die mynwerkers te skryf, gee Luli Callinicos vir ons nuwe perspektiewe op en 'n groter begrip van dié geskiedenis. Die boek beklemtoon die noodsaaklikheid om ook hulle rol en posisie in die goudmynbedryf te bestudeer — 'n tema wat lank verwaarloos is. Die kwaliteit van die werk word egter deur 'n gebrek aan balans benadeel: dit is geskryf net vanuit die werkers se oogpunt. Geskiedenis is omvangryker en veral meer geskakeerd as net die standpunt van een groep. Om 'n vollediger beeld van die goudmynbedryf te kry, moet al die betrokkenes se aandeel krities ondersoek en ontleed word.

In **Gold and Workers** word nie objektief na die geskiedenis gekyk nie. Die skrywer is openlik simpatiek teenoor die arbeiders. Hulle word slegs gesien as verontregtes en onderdruktes. Die boek eindig dan ook met die woorde: "Understanding the past is a first step towards changing the pattern of the present". M.a.w. die doel van die boek is om sy lesers — en die boek is veral vir die Swart leser bedoel — te wys op sy verontregte posisie en hom te beïnvloed om iets daaraan te doen. Geskiedenis word ingespan om Swart "verset" te kweek en te bevorder, en dit is net so verkeerd as om geskiedenis te gebruik vir Blanke ideologiese propaganda.

Dit is 'n boek wat alle geskiedenisonderwysers en senior geskiedenisleerlinge moet lees. Dit is noodsaaklik dat ons kennis neem van die nuwere rigtings in ons geskiedskrywing. Daarby is die boek 'n pragtige voorbeeld van hoe geskiedenis deur teks, bronne en illustrasies op 'n treffende wyse aan die leser oorgedra kan word. In dié opsig moet die skrywer en uitgewer gelukgewens word, al verskil mens ook met hulle basies uitgangspunte en benaderings.

*H J van Aswegen*

*Trümpelmann, M H (red) 1983: Kreatiewe Geskiedenisonderrig. Durban/Pretoria: Butterworth (Publikasiereeks van die Buro vir Voortgesette Onderwys (RAU) No. 1. R11,95.*

Hierdie werk met sy belangwekkende titel dek 'n wye reeks onderwerpe wat direk betrekking het op die onderrig van Geskiedenis. Aangesien dit 'n bundel van voordragte bevat deur verskeie vooraanstaande historici en vakdidaktici in beide amptelike landstale, bied dit interessante leesstof aan almal wat by die onderrig van Geskiedenis in die besonder en didaktiese arbeid in die algemeen, belang het. Dikwels word die onderrig van